# Lesing 03.03.2018 - Die Antichris DEEL 5

Die toekoms van Rome en van die Antichris

GJE BOEK 8: HFS 47 Na ongeveer `n kwartier, waarin ons almal met groot aandag na die oggendtafereel kyk, sê Ek (JaHshua) weer vir alle aanwesiges: "Let nou goed op wat daar nog vóór die volledige opgang van die son alles aan beelde sal plaasvind; want Ek wil dat julle ook met julle oë sien hoe alles hulle in die laaste tyd van die nuwe heidendom sal ontwikkel!"

[2] Nou rig almal hulle oë met verdubbelde aandag na die ooste. Dit was nog ruim `n halfuur voor die volledige sonsopkoms, en dus kon nog baie beelde voor die oë van die toeskouende leerlinge ontwikkel.

[3] Eers sien mens in die verte `n digte en heeltemal swart newel van die horison af opstyg. Toe dit ongeveer sewe keer die hoogte van die ver gebergte aan die horison bereik het, lyk dit weldra asof dit gloei; en daar skiet naamlik ontelbare bliksemstrale daaroorheen, sodat alle aanwesiges dan ook dink dat daar nou `n geweldige onweer woed.

[4] Ek sê egter: "Bekommer julle maar oor iets anders, want behalwe ons, sien niemand ook maar iets van die verskynsel nie!"

[5] Daarop word daar weer in alle rustigheid verder gekyk, wat daar nog alles sou volg.

[6] En kyk, op die boonste swart en deur die baie bliksems geheel gloeiende rand van die newelmassa verskyn `n groot stad!

[7] En Ek sê: "Kyk na die beeld van die nuwe Babilon!"

[8] Toe sê Agricola: "Meester, dit vertoon `n sterk ooreenkoms met ons Rome! Ek sien slegs `n groot aantal ruïnes om die stad heen, en in die stad self, behalwe wat aan my maar al te goed bekend is, geboue wat tog ook `n groot aantal nuwe geboue en tempels insluit, waarvan die gewels op wonderlike wyse met kruise versier is. Wat het dit tog te beteken?"

[9] Ek sê: "Kyk, dit is die ondergang van die ou en tegelyk die begin van die nuwe heidendom! Reeds oor so `n 500 tot 600 jaar, van nou af gereken, sal dit letterlik so daaruit sien. Bekyk die beeld egter nou maar verder!"

[10] Opnuut rig almal hulle aandag op die beeld, waarvan die taferele hulle vinnig na mekaar ontwikkel. En kyk, mens sien groot volksverhuisings en baie hewige gevegte en oorloë, en in die midde van die stad sien mens iets wat homself so hoog soos `n berg verhef! Op die berg staan **`n hoë en groot troon**, wat lyk asof hy van gloeiende goud was. Op die troon sit `n heerser met `n drievoudige kroon op die hoof en met `n staf waarvan die bokant met `n drievoudige kruis versier was. Uit sy mond kom tallose pyle, en uit sy oë en uit sy bors skiet eweneens tallose bliksems van toorn en baie groot hoogmoed. En daar kom konings na hom toe, van wie baie diep voor hom buig. Diegene wat so voor hom buig kyk hy vriendelik aan en hy bevestig hulle mag; maar diegene wat nie voor hom buig nie, word hewig deur sy pyle en bliksems vervolg en toegetakel.

[11] Toe sê Agricola: "Meester, dit voorspel niks goeds vir die latere heersers van die nuwe Babilon nie! Dit blyk wel asof hulle mag nog groter, maar ook baie wreder sal wees as wat dit nou is. Want nou word slegs die ergste misdadigers met die kruis gestraf, maar net met `n enkelvoudige kruis; maar hy wat daar is hou alle ander konings sowaar met `n nie minder as drievoudige kruis in sy heersershand voor nie! Meester en Leraar, verklaar dit tog ietwat vir ons!"

[12] Ek sê: "Dit stel geen spesiale heerser oor baie lande en volkere voor nie, maar slegs die sigbare persoonlikheid van die Antichris. Die drievoudige kruis staan vir My leer, wat in die tyd drievoudig vervals aan die konings en hulle volkere opgedring sal word: vals in die woord, vals in die waarheid en vals in die werklike toepassing.

[13] Die konings egter, wat nie voor hom buig nie en wie hy vervloek, is diegene wat nog min of meer die waarheid van die ou leer besit. Sy pyle en bliksems bereik hulle wel, maar dit kan hulle tog geen skade van enige belang toebring nie. - Maar kyk nou weer verder na die beeld; want Ek kan julle daarin slegs die hoofmomente laat sien!"

[14] Nou kyk almal weer met groter oplettendheid.

[15] (Die Meester:) "Kyk, baie konings, wat voorheen nog baie diep gebuig het voor die een wat op die troon sit, versamel hulle leërs en trek teen hom op! Kyk, dit gee `n verbitterde stryd af, en sy verhewe troon sak al `n baie groot ent na benede tot heeltemal in die stad, en julle sien nog maar enkele konings, wat soos gesê slegs vir die skyn voor hom buig, terwyl die baie ander konings, wat van hom afvallig geword het, baie pyle en bliksems na hom toe terugstuur. Maar nou is daar van hom byna niks meer te sien nie, en dit sal gebeur oor 1000 tot 1500, 1600, 1700 jaar.

[16] Maar kyk nou nog `n keer! Kyk, hy wend pogings aan om hom nogmaals te verhef, omgewe deur swart bendes, en enkele konings reik hom die hand om hom te help; maar kyk, diegene wat dit doen, word dadelik magteloos, en hulle volkere ruk die krone van hulle hoofde af en gee dit aan die sterk koning! En kyk! Nou sak sy troon na benede, en die sterk konings haas hulle daarheen en kap dit in meer stukke, en so gaan nou al sy mag, hoogheid en grootheid ten onder! Weliswaar slinger hy nog pyle en swak bliksems om

hom heen, maar dit beskadig niemand meer nie; want die meeste keer na hom terug en verwond hom en sy swak en duistere hordes."

Oor die duisendjarige ryk

48 (Die Meester:) "Maar sien nou hoe die son reeds alles met haar lig begin te deurdring, en julle sien die duistere hordes in alle rigtings vlug, maar nie daarheen waar die son vandaan kom nie! Voor haar lig verdwyn nou alles en versink in die ryk van die vergetelheid.

[2] Maar kyk nou nog weer `n keer, dan sien julle hoe daar uit die ligte wolkies `n nuwe aarde ontwikkel! Wat stel die ligte wolkies dan wel voor? Dit is met mekaar verenigde mense wat heeltemal verlig is deur die goddelike waarheid. En kyk, nou gaan hierdie vereniging steeds nader en nader na mekaar toe en vorm so één groot vereniging; dit is dan die nuwe aarde, waarbo daar vol lig en helderheid `n nuwe hemel uitsprei!

[3] Julle moet daarby egter nie dink dat hierdie natuurlike aarde dan sou vergaan en in `n nuwe verander word nie, maar slegs die mense sal, deurdat hulle die goddelike waarheid volkome in hulle hart opgeneem het, as ware broeders en susters in My Naam met mekaar `n nuwe geestelike aarde skep.

[4] Dan sal Ek self op hierdie nuwe aarde wees en heers onder hulle wat Myne is, en hulle sal met My omgaan en My nooit meer uit die oog verloor nie.

[5] Maar kyk nou intussen ook na die ou aarde! Sien hoe daar uit die nuwe aarde, in steeds digter strome, ligte na benede swewe na die ou aarde, en haar so laat ontbrand dat sy lyk asof sy in vuur en vlam staan! Daar sien julle baie dooies wat as`t ware uit hulle grafte kom en na die lig toe gaan; sien hoe hulle ook weldra beklee word met die kleed van die waarheid en vervolgens omhoog sweef na die ryk van die nuwe aarde.

[6] Maar terselfdertyd merk julle ook dat een baie groot, duister gedeelte hulle ook inspan om die kleed van die lig oor hulle swart kleed aan te trek, om daarvan en daarmee uit eiebelang en heerssug nogmaals `n nuwe antichristelike heidendom te maak; maar Ek self laat My toorn, dit wil sê die vuur van My waarheid, oor hulle losbreek, en My engele van die nuwe aarde stort hulle as`t ware met vlammende swaarde op hulle en jaag elke verdere duistere poging op die vlug en in die afgrond van algehele vernietiging in.

[7] Dit is dan die allerlaaste en grootste oordeel, so `n duisend jaar later. Die tyd sal My duisendjarige ryk op aarde genoem word, wat deur die allerlaaste oordeel nog eenmaal vir `n baie kort tydjie deur oorlog onderbreek sal word; maar die oorwinning sal vinnig en vir alle toekomstige tye volkome wees. Van dan af sal die hemele en die aarde tot één herder en één kudde word. Die Herder sal, soos ook altyd, Ek wees, en die kudde sal die mense op aarde vorm, volledig verenig met die saliges in My hemele.

[8] Hierdie laasgenoemde sal naamlik weer, net soos dit ook in die oertyd van die mens op hierdie aarde was, sigbaar met die mens op aarde omgaan. Maar voordat dit sal gebeur, sal ook die natuurlike aarde baie ingrypende veranderinge ondergaan. Groot lande en ryke, wat nou nog deur die groot en diep see bedek word, sal as baie vrugbare bodem opgehef word, en baie hoë berge sal verlaag word; hulle afgebrokkelde toppe sal baie diepe klowe en dale opvul en vrugbare land vorm.

[9] Aangesien die mens in die tyd geen aardse en verganklike skatte meer sal begeer en najaag nie, sal daar ook honderdduisend maal soveel mense as nou baie goed voorsien en gelukkig op aarde kan lewe. Tegelyk sal ook in die tyd, alle nare siektes wat die vlees geweldig kwel, van die aarde verdwyn. Die mens sal blymoedig `n hoë leeftyd bereik en baie goed kan doen, en niemand sal bang wees vir die dood van die liggaam nie, omdat hy met `n heldere blik die ewige lewe van die siel voor hom sal sien.

[10] By die verrig van goeie werke sal dit in die tyd hoofsaaklik daarom gaan dat die kinders op die korrekte manier opgevoed word en dat die een wat sterk is, die fisieke swakkere oues sal ondersteun, soveel hy maar kan.

[11] Daar sal op die nuwe, gelukkige aarde ook huwelike gesluit word, maar ook soos dit in die hemel gebeur, volgens My orde, en daar sal ook groot aantalle kinders verwek word, maar nie langs die weg van suiwer wellus nie, maar langs die weg van die ware liefdes-erns, en dit tot aan die einde van alle tye van hierdie aarde.

[12] Hier het julle nou `n getroue beeld van die laaste oordeel oor alle heidene op die hele aarde, wat julle ook baie maklik en goed kan begryp!"